

22 JULIE

Skrifgedeelte: 2 Kor 9:1-15

Fokus: 2 Kor 9:15

Tema: Om te gee is 'n verrykende ervaring

Om te gee is 'n verrykende ervaring. Dit laat jou God se oorvloedige gawe in jou lewe raaksien!

Paulus praat hier met Christene oor een van die basiese aspekte van die praktiese uitlewing van hulle geloof. Dit is dat hulle na mekaar sal omsien en vir mekaar sal sorg: fisies en geestelik.

Paulus verklaar sy vertrouwe in die gesindheid van die Korintiërs; 'n gesindheid van vrygewigheid. Hy ken hulle immers – hy het 18 maande daar gebly. Hy herinner hulle aan die belofte wat hulle gemaak het om geld en ander stoflike middele te stuur aan die Christene in Jerusalem.

Hierdie bereidheid om te gee vir mekaar kom nie uit 'n mens se beursie nie, maar uit jou hart. Daarom kan onderlinge sorg tussen Christene nie uit dwang geskied nie, maar met gewilligheid. En as dit uit mens se hart kom, is dit ook 'n gee met oorgawe. Nie spaarsamig nie. Dan word dit 'n offer van dankbaarheid (vers 5).

Is dit vir u moeilik om u swaarverdiende geld weg te gee vir ander? Onthou: wat u het kom van God af – Hy voorsien. Nadat ons genoeg weggegee het, sal God sorg dat dit wat oorbly vir ons meer as voldoende is. Onthou veral: om te gee is 'n verrykende ervaring – en nie om soveel moontlik geld vir jouself te hou – dit maak mens eerder geestelik arm.

Hierdie onderlinge sorg tussen Christene beteken ook dat ons vir mekaar sal bid. Mens gee nie net stoflike middele en vergeet van die mense aan wie jy dit gee nie. Nee, hulle leef in ons harte en ons besorgdheid oor hulle dring ons om ook geestelik na hulle om te sien.

Dit alles is moontlik omdat God se genade oor ons oorvloedig is. Wie dit van harte besef sal 'n gee-gesindheid ontwikkel en dit prakties tot uitvoering bring by elke geleentheid wat die Here beskik.

Dr Francois Kruger (Middelburg-Noord)